Ges. 3: 4, 5.
" 128: 6, 7.
" 97
" 98: 9, 10.

## Bekend by die Breek v.d. Brood

N/GKp 1 Mei '60

Luk. 24: 13-31

Luk. 24: 30 & 31a – En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken.

Dis nie die eerste maal dat die Here teenwoordig is en sy kinders dit nie weet nie. As ons reken dat dit 'n groot skande was dat dit m.d. Emm.gangers gebeur het dan het hd. skande ook oor Abraham Jakob & Josua gekom. Want Abraham ontvang die Here in sy tent op die pleine v Mamre sonder dat hy weet wie dit is. Jakob worstel m.d. Verbondsengel sonder dat hy Hom herken. Josua sien 'n soldaat staan m. swaard getrek sonder om te weet wie dit is.

Ook hier sluit Jesus Hom aan by die twee manne, loop saam, vertel van Hyself, gaan saam met hulle in hulle huis sonder dat hulle Hom herken.

I <u>Waardeur is hulle oë gehou?</u> Baie oorsake – die volgende hier genoem:

1). <u>Droefheid</u>: Hulle het hulle Leidsman, hulle groot Profeet, deur d. dood verloor. Dié leë plek het hulle harte met droefheid gevul – en gemaak dat hulle Hom nie herken nie.

Soms kan daar 'n groot droefheid in ons lewe – droefhd deur d. dood, droefhd deur teleurstelling, – droefhd oor eie sonde – en dit neem so ons hele gevoel en denke in beslag dat ons net nie in-gestaat is om reg te lewe nie. Ons bid, maar dis asof alles net so terugkom; ons werk vir d. Here, mr. sonder besieling – Waarom? Omdat ons droefhd

tussen ons en die Here staan!

2. Ongeloof: Hulle sê self dat die vroue kom vertel het dat hulle engele gesien het wat gesê het dat Xtus lewe – en tog glo hulle die woorde nie! Net so min as hulle Xtus geglo het toe Hy gesê het dat Hy die derde dag sou opstaan! En hd. ongeloof maak hulle blind – blind vir Xt. se teenwoord.

So kan maklik ons gebrek aan geloof ons blind maak vir Xtus: Hy is daar, by ons, mr. ons sien Hom nie, ons herken Hom nie!

3. Onkunde: Hulle het die O.T. gehad, al d. beloftes, al d. voorspellinge, al d. aanduidinge – en tog ~~maak~~ is hulle totaal onkundig oor Xtus & sy Wd. Hulle ~~ken~~ ken d. feite mr. sien nie d. verband tussen voorspelling & vervulling. Dlom herken hulle Xt. nie as Hy verskyn!

→ Ons en Gods Wd: duid. besk. vir ons tyd, Xt. staan & openbr. Hs, in ons probleme sien ons Hom, gee Hy d. antwd. – mr. ons verstaan nie omdat ons so onkundig is oor wie Hy is!

4. In ander gedaante: (Markus Ev.) Bekende metode van die Here: aan Abraham, die vreemdeling & pelgrim, verskyn Hy as vreemdeling & pelgrim; aan Jakob, die stryder (met Esau), verskyn Hy as stryder; aan Josua, d. soldaat, verskyn Hy as soldaat; aan d. Emm.-gangers, reisigers op pad, verskyn Hy as reisiger. ~~Omdat Hy~~ Omdat Hy wil hê dat ons moet word soos Hy is, word Hy eers wat ons is: Hy word een met ons, kom staan langs ons. Sodoende beter leer ken.

→

II Wanneer is hulle oë geopen?

1) Die verkondiging v.d. Wd: Algaande ontvou Xtus die hele Bybel – die gang & plan v. God deur die geskiedenis; die verklaring & toepassing van en waarhede in nuwe situasies

2) Die gebed: Jesus gaan sit saam met hulle aan tafel. As Hy die brood neem dank Hy soos altyd: nie 'n prewelgebedjie, nie 'n vormgebedjie, mr. 'n gebed vol lof en dank op d. grootheid v. God. Die uitroep, die stemklank, alles – –

3) Die breking v.d. brood: Mr. dis ons by d. breking v.d. brood dat hulle oë geopen word. Miskien dit 'n herinnering wakker geroep van sy woorde in die bovertrek aan sy diss. voor sy dood: „Die brood wat Ek breek is d. gemeenskap aan my liggaam – –" Besef. Hy het gesê: Ek is d. Brood v. d. Lewe – en hier breek Hy dd. brood vir hulle!

4) Die tekens in sy hande: Die tekens van sy lye en sterwe, sy lydensweg & dood. Toe besef, weens gesien: Mr. dis mos die Here! Niemand anders dra dd. tekens!

→ Hoe leer ons Xtus ken? Sy besk. verstaan? Hoe leer ons die dieper sin v. Xtus se lewe deurgrond? Net een plek: ons leer Hom alleen ken by die Kruis – daar waar ons gesig kry van sy groot offer, sy onbegryplike liefde, sy wegalose self-verloëning!